



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2015

DANSSTUDIES

PUNTE: 100

TYD: 3 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit ELF vrae. Beantwoord slegs NEGE vrae.
2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A: Bestaan uit VYF vrae.
 Let daarop dat jy 'n keuse tussen VRAAG 2 en VRAAG 3 in hierdie afdeling het. Indien jy beide vrae beantwoord, sal slegs die eerste vraag wat beantwoord is, nagesien word.

AFDELING B: Bestaan uit SES vrae.
 Let daarop dat jy 'n keuse tussen VRAAG 7 en VRAAG 8 in hierdie afdeling het. Indien jy beide vrae beantwoord, sal slegs die eerste vraag wat beantwoord is, nagesien word.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Lees elke vraag aandagtig deur en let op wat vereis word.
5. Jy mag rowwe beplanning in die ANTWOORDEBOEK doen. Trek 'n streep deur enige werk wat NIE nagesien moet word NIE.
6. Jy sal geassesseer word op jou vermoë om:
 - Goeie Afrikaans te gebruik (Skryf slegs in een taal.)
 - Inligting te organiseer en duidelik oor te dra
 - Die spesifieke formaat te gebruik wat in bepaalde vrae vereis word
 - Spesialis-dansterminologie te gebruik, waar nodig
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punttoekenning en tydindeling wanneer elke vraag beantwoord word.

AFDELING		VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
A:	Veilige Danspraktyk en Gesondheidsorg (Keuse tussen VRAE 2 en 3)	1	12	60
		2	8	
		3	8	
		4	10	
		5	10	
B:	Dansgeskiedenis en - Geletterdheid (Keuse tussen VRAE 7 en 8)	6	10	120
		7	15	
		8	15	
		9	10	
		10	15	
		11	10	
TOTAAL			100	180

AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG**VRAAG 1: OPWARM EN AFKOEL/BESERINGS**

- 1.1 Verduidelik waarom dit belangrik is om die liggaam voor 'n dansklas op te warm. (3)
- 1.2 Om aan die einde van 'n klas af te koel is baie belangrik. Bespreek wat gedurende die afkoelperiode gedoen moet word. (3)
- 1.3 Verduidelik die basiese behandeling wat vir die meeste dansbeserings gebruik kan word. (3)
- 1.4 Gee sommige van die vernaamste komplikasies waarmee 'n danser na 'n besering gekonfronteer sal word. (3)
- [12]**

**JY HET 'N KEUSE TUSSEN VRAAG 2 EN VRAAG 3.
BEANTWOORD NET EEN VRAAG.**

**VRAAG 2: (KEUSEVRAAG)
DOELWITTE/KONSENTRASIE/GEESTELIKE GESONDHEID**

- 2.1 Beantwoord die volgende vrae oor DOELWITTE/TOEWYDING in dans:
- 2.1.1 Hoe kan jy jou toewyding tot daaglikse dansoefening verbeter? (1)
- 2.1.2 Hoe kan jy jou verpligting teenoor ander in die dansklas beter nakom? (1)
- 2.1.3 Hoe kan jy jou toewyding teenoor jou dansbewegings verbeter? (1)
- 2.2 Verduidelik sommige van die gevolge wat swak konsentrasie in die dansklas kan beïnvloed. (3)
- 2.3 Gee idees aan 'n leerling hoe om dinge te hanteer as hy/sy depressief en negatief oor hul dansery geword het. (2)
- [8]**

OF

VRAAG 3: (KEUSEVRAAG) SPIERE/ANATOMIESE AKSIES

3.1 Watter spier/spiergroep is verantwoordelik vir die volgende:

3.1.1 VIER spiere wat die kniegewrig oorkruis en as knieverlengers dien (1)

3.1.2 Buiging van die knie en fleksie van die voet (1)

3.1.3 Verlenging van die heup teen swaartekrag; laterale rotasie gedurende die verlenging en abduksie van die femur (1)

3.1.4 'n Groep spiere wat die heup verleng en die knie buig (1)

3.2 Bestudeer die foto hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.



[Bron: www.dance4america.com/id26 – foto deur Rachel Howard]

Benoem die volgende:

3.2.1 Die anatomiese aksie van die man se linkerskouer (1)

3.2.2 Die anatomiese aksie van die man se regterheup (1)

3.2.3 Die anatomiese aksie van die meisie se nek (1)

3.2.4 Die anatomiese aksie van die meisie se regterheup (1)

[8]

VRAAG 4: BEGINSELS VAN LIGGAAMSKONDISIONERING

Kies EEN van die beginsels van liggaamskondisionering hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae:

- Krag
- Soepelheid
- Uithouvermoë
- Kernstabiliteit

- 4.1 Gee 'n definisie van die beginsel wat jy gekies het. (2)
- 4.2 Verduidelik die voordele van die gekose beginsel vir 'n danser. (3)
- 4.3 Gee DRIE voorbeelde hoe om hierdie beginsel in die dansklas te ontwikkel. (3)
- 4.4 Gee TWEE oefeninge wat jy kan doen om hierdie beginsel te ontwikkel. (2)
- [10]**

VRAAG 5: POSTUUR/DIEET/HIDRASIE/EETVERSTEURINGS

- 5.1 Verduidelik aan 'n nuwe dansleerling hoe om 'n goeie danspostuur in die dansklas te handhaaf. (3)
- 5.2 Noem die verskillende kossoorte wat in jou dieet ingesluit moet word om ontsteking te verminder en jou sal help om gesond te bly. (2)
- 5.3 Verduidelik die belangrikheid van ekstra hidrasie vir dansers en die gevolge van dehidrasie. (2)
- 5.4 In jou opinie, waarom kan dansers tot eetversteurings geneig wees? Gee DRIE duidelike redes. (3)
- [10]**

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN -GELETTERDHEID**VRAAG 6: DANSVORMS**

Noem die TWEE dansvorms wat jy in Dansstudies gedoen het en beantwoord die vrae hieronder.

- 6.1 Verduidelik waarom die een 'n kulturele dansvorm en die ander 'n teater-dansvorm is. (2)
- 6.2 Hoe sal jy elkeen van die dansvorms herken? (6)
- 6.3 Hoe dink jy het inheemse Afrika-dans die Suid-Afrikaanse industrie beïnvloed? (2)
- [10]**

**JY HET 'N KEUSE TUSSEN VRAAG 7 EN VRAAG 8.
BEANTWOORD NET EEN VRAAG.**

**HIERONDER IS DIE VOORGESKREWE LYS VAN INTERNASIONALE
CHOREOGRAWES EN HUL DANSWERKE.**

INTERNASIONALE CHOREOGRAAF	DANSWERKE
George Balanchine	<i>Appollo/Jewels</i>
Alvin Ailey	<i>Revelations</i>
Martha Graham	<i>Lamentation/Errand into the Maze</i>
Christopher Bruce	<i>Ghost Dancers</i>
Mathew Bourne	<i>Swan Lake/Cinderella</i>
Pina Bausch	<i>Rites of spring</i>
William Forsythe	<i>In the middle, somewhat elevated</i>
Mats Ek	<i>Giselle/Swan Lake/Carmen</i>
Rudi van Dantzig	<i>Four Last Songs</i>
Jiri Killian	<i>Wings of wax</i>

VRAAG 7: (KEUSEVRAAG) INTERNASIONALE DANSWERKE

Jy het Internasionale danswerke van die voorgeskrewe lys hierbo bestudeer; graad 10–12. Kies EEN van die danswerke en voorsien die volgende inligting:

- 7.1 Die choreograaf se naam en danswerk
 - 7.2 'n Beskrywing van die sinopsis/tema van die danswerk (4)
 - 7.3 Brei uit oor die volgende produksie-elemente:
 - 7.3.1 Kostuum (2)
 - 7.3.2 Musiek (2)
 - 7.3.3 Stelle en beligting (2)
 - 7.4 'n Verduideliking van die simboliek wat in die danswerk gebruik word (3)
 - 7.5 As 'n Suid-Afrikaanse student, waarom dink jy is dit belangrik om oor internasionale dansgeskiedenis te leer? (2)
- [15]**

OF

VRAAG 8: (KEUSEVRAAG) INTERNASIONALE DANSWERKE

Beantwoord die volgende vrae oor die aanbevole Internasionale choreograaf, Alvin Ailey en sy danswerk, *Revelations*.

- 8.1 Waar kom die titel van hierdie danswerk vandaan? (1)
 - 8.2 *Revelations* is in DRIE afdelings verdeel. Noem en verduidelik elke afdeling daarvan. (6)
 - 8.3 Gee 'n verduideliking van die kostuums wat in elke afdeling gebruik was. (3)
 - 8.4 Verduidelik die musiek wat vir die danswerk gebruik is. (3)
 - 8.5 Wat was die betekenis van die stelle en rekvisiete gebruik? (2)
- [15]**

VRAAG 9: LOOPBANE

'n Choreograaf, dansonderwyser, professionele danser is sommige van die loopbane in dans. Kies EEN van hierdie loopbane en beantwoord die volgende vrae:

- 9.1 Gee 'n beskrywing van die werk/loopbaan. (2)
- 9.2 Wat is die bekwaamheid en ondervinding wat hierdie werk benodig? (3)
- 9.3 Gee die tersiêre opleiding wat die werk benodig. (2)
- 9.4 Volgens jou mening, watter vaardighede, ingesteldheid en waardes het die vak Dansstudies jou geleer? (3)

[10]

HIERONDER IS DIE VOORGESKREWE LYS VAN SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE EN HUL DANSWERKE

SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE	DANSWERKE
Veronica Paeper	<i>Orpheus in the Underworld/Carmen</i>
Vincent Mantsoe	<i>Gula Matari</i>
Alfred Hinkel	<i>Last Dance (Bolero)/Rain in a dead man's footprints/Cargo</i>
Sylvia Glasser	<i>Tranceformations</i>
Gary Gordon	<i>Bessie's Head</i>
Mavis Becker	<i>Flamenco de Africa</i>
Hazel Acosta	<i>Blood Wedding</i>
Caroline Holden	<i>Imágenes</i>
Gregory Maqoma	<i>Four Seasons</i>

VRAAG 10: SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAAF

Skryf 'n BIOGRAFIE vir 'n tydskrif oor die voorgeskrewe Suid-Afrikaanse choreograaf wat jy bestudeer het. Moet nie nommer nie, maar opskrifte mag gebruik word. Sluit die volgende in:

- | | | |
|------|---|-------------|
| 10.1 | Noem die choreograaf in jou titel waaroor jy skryf | |
| 10.2 | Waar was die choreograaf gebore | (1) |
| 10.3 | Die choreograaf se dansopleiding | (4) |
| 10.4 | Wie en wat die choreograaf se dansstyl beïnvloed het | (3) |
| 10.5 | Die dansstyl van die choreograaf | (4) |
| 10.6 | Wat is die choreograaf se bydrae tot dans in Suid-Afrika? | (3) |
| | | [15] |

VRAAG 11: CHOREOGRAFIE/PRODUKSIE

- | | | |
|------|--|-------------|
| 11.1 | Stel 'n rol voor wat jy wil speel in die skool se opkomende produksie en gee 'n definisie van hierdie rol. | (2) |
| 11.2 | Gee EEN bemerkingsstrategie wat gebruik kan word om die gehoor te oortuig om na die produksie te kom. | (2) |
| 11.3 | Verduidelik vir jou vriend in die dansklas wat alles ingesluit moet word in die komposisionele struktuur van die dans waaraan jy werk. | (4) |
| 11.4 | Hoe help inskrywings in jou joernaal jou choreografie-proses? | (2) |
| | | [10] |

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100